NOORDELIKE SINODE NUUSBRIEF verskil

Ek wil asb **inteken op Verskil** / **Kanselleer asb my intekening** op Verskil

- **Webblad:** www.noordsin.co.za
- **Facebook**: https://www.facebook.com/noordsin/
- **Kampterreine:**
  - **Badseloop**: *Vir besprekings, kontak* ***Franscois Genis****, 071 777 9302, epos badseloopjeugkamp@gmail.com*
  - **Emmarentia Geldenhuys (AcaDeo)**: *nuwe webwerf:* www.egst.co.za
  - **Magaliesberg:** *Besprekingsnavrae:* ***Camps 4 Groups,*** *camps4groups@gmail.com, alle ure… Whatsapp: 074 650 4754. Kantoor: 067 083 4492. Facebook byhttps://www.facebook.com/magaliesbergjeugkamp/*

14 September 2018
Nr 30/2018

Warm nuus!

Algemene Sinode 2019: Datum bekendgemaak…

Gemeentes word versoek om kennis daarvan te neem dat die volgende NG Algemene Sinodesitting van ***Maandag 7 tot Vrydag 11 Oktober 2019*** (voorlopig in Benoni) sal plaasvind, soos vandeesweek deur die ASM vasgestel. Teken hierdie datum asb. ook as deel van julle kalender vir 2019 aan.

Lente-konferensie: *18-20 September 2018*

Waar: Universiteitsoord en die Universiteit van Pretoria.
Brosjure: Kliek hier vir die volledige brosjure
Kursusgangers verwerf **30 VBO-punte**.

Sinodenuus

Bybel-lees met 'n verskil

LW Weens die Lentekonferensie sal daar NIE 'n byeenkoms wees op 18 September 2018 nie.

Ekonomie:

Die **volgende gespreksgeleentheid** is op ***25 September 2018*** om 13:30 by die Sinodehuis. Laat weet asseblief **voor Vrydag** *21 Oktober 2018* vir Hermien by die sinodehuis.
Voel ook vry om kontak te maak met die taakspanleier, Cobus van Wyngaard, as jy belangstel in die werk van die taakspan (cobus.w@gmail.com).

- Die Taakspan Ekonomie het op *28 Augustus* 'n gesprek met dr **Johan Pieters** gevoer. Johan het onlangs sy PhD by UKZN voltooi oor Gereformeerde Teologie en Ekonomie. [Lees die volledige teks hier]

❖ Leraarontwikkeling

Roelf Opperman [Taakspanleier] skryf: "Vanaf ***31 Oktober-2 November*** is dit weer ons jaarlikse geleentheid waar ons leraars aan 'n proses blootstel om binne 'n veilige ruimte hulle bedieningsvaardighede te evalueer en om ook aksieplanne op te stel om areas waar daar nog groei nodig is, aan te spreek. Die nege areas wat geëvalueer word is:

- *Afrigting en mentorskap (Dissipelskap)*
- *Besluitneming*
- *Effektiewe kommunikasie (insluitend konflikhantering)*
- *Emosionele volwassenheid*
- *Leierskap*
- *Eienaarskap en verantwoordbaarheid*
- *Geloofsonderskeiding*
- *Geestelike volwassenheid*
- *Denkvermoë*

Kerkrade word gevra om dit vir hulle dominees moontlik te maak om die geleentheid by te woon deur in te staan vir hulle dominee se reiskoste en verblyf vir die drie dae wat die werkswinkel aangebied word."
Dominees wat belangstel moet asseblief hulle name **vóór** *30 September* aan Hermien by die sinodehuis stuur.
Navrae kan gerig word aan Roelf Opperman - 0823351156

❖ SKDB Maatskappy: Vakature – Uitvoerende Hoof

Diensaanvaarding: *1 Januarie 2019*
Aansoek: Aansoeke op voorgeskrewe vorm word ingewag tot en met ***17 September 2018*** - ***Aansoekvorm*** en ander inligting kan verkry word by e-pos: skdbm@mweb.co.za / tel: 012 460 2711.
Aansoeke moet vergesel wees van 'n CV en dokumente soos aangedui op aansoekvorm en moet gestuur word aan: skdbm@mweb.co.za [Lees die volledige advertensie hier…]

❖ Skoolverwisselingskamp 2018: Graad 7's

Die sluitingsdatum vir inskrywings is 21 September 2018!

Datum: ***Maandag 1 Oktober -Vrydag 5 Oktober 2018***
Waar: BADSELOOP (± 13 km suid van Naboomspruit (Mookgopong).
Koste: R700 per persoon.
Navrae: Skakel gerus die kampleier ds André Botha Tel 014 743 0909 / 079 516 7641

➢ **Inskrywingsvorms** is **hier** beskikbaar!

❖ #imagine

Dagboek nou reeds volgende jaar se byeenkomste wat op ***29 – 31 Maart 2109*** plaasvind. [Lees hier meer…]

Kolleganuus

❖ Baie geluk

Willem & Jessica Pretorius [Rustenburg-Proteapark] met die geboorte van hulle 2de dogtertjie **Anje** op 12 September.

❖ Verjaarsdagwense *Hartlik geluk aan die volgende persone wat verjaar:*

20/09 Moses Zulu [DRC Zambia (Lusaka), 00260 97 747 1364, mozezulu@yahoo.com]
22/09 Paul Lübbe [Montana, 082 776 0851, jpahml@gmail.com]

****

17/09 Alta Swart [Magalieskruin, 012-548 1565, alkmaar.swart@telkomsa.net]
20/09 Karien Pretorius [Kameeldrif, 012-808 1421, willem007@me.com]
21/09 Monika van Tonder [Lynnwood, 012-361 4072, immanuelvt@gmail.com]

Gemeentenuus

❖ **Verjaarsdae:** *Baie geluk!*
Bendorpark [Gestig: 20/09/1981]
Overkruin [Gestig: 22/09/1978]

Florandia: Manie Jackson tree op!
Wanneer: 28 September 2018 om 19:00
Waar: Blouaalwynstraat 321, Dorandia.
Kaartjies: R80 per persoon - Kontak vir Ian van Dyk by 082 269 83516

❖ **Waterkloof: Vakature – Medeleraar**
Waterkloof gemeente is 60 jaar oud en het ongeveer 1 050 lidmate en kinders. Die gemeente se tradisionele woongebiede is Nieuw Muckleneuk, Waterkloofrif en Waterkloof. Waterkloof is 'n geloofsgemeenskap binne die NG Kerkfamilie en is in die Ring van Pretoria-Oos.
'n Opsomming van ons kernwaardes kan op ons webwerf gevind word: www.waterkloofkerk.co.za
Diensaanvaarding: ***1 Januarie 2019***
Sluitingsdatum vir aansoeke: *26 September 2018* (17:00) [**Lees die volledige advertensie hier**…]

Ander nuus

❖ **Excelsus boekbekendstelling**
Bloedbande van dr Wilhelm Verwoerd.
Gesprekleier: Dr André Bartlett
Datum: Dinsdag 18 September 2018
Waar: NG Kerk Universiteitsoord [Duxburyweg 105, Hillcrest, Pretoria] - 18:30 vir 19:00
RSVP asseblief **voor** ***14 September*** by Rika 012 420 6738 of excelsus@up.ac.za
Kopieë van die publikasie sal tydens die funksie te koop wees teen R290-00.

❖ **Nuusbriewe**
Bybel-Media
Lees hier meer oor die Oktober-uitgawe van *Lig* met Nádine op die voorblad asook die *jongste Bybelkor-publikasies*:
- **My doopboek** (Nico & Aletta Simpson) – Die teks bo-aan elke bladsy van My Doopboek is 'n vrye verwerking van ons geloofsbelydenis in die vorm van beloftes wat God aan ons as gedooptes maak. Die teks onderaan elke bladsy herinner ons aan wat die doop prakties vir ons in ons geloofslewe beteken.
- **Geloof-speelboek (**Nico & Aletta Simpson) - Die Geloof-speelboek is vir kinders wat wil skep, speel en leer. Die kort Bybelstories en aktiwiteite saam is 'n wonderlike manier om met kinders te gesels oor wat ons glo.

Inligting, Navrae en Diensverskaffing:
• Skakel 0860 26 33 42 óf 021 864 8210
• Of stuur jou bestelling per e-pos na: bestel@bmedia.co.za
• Of koop met jou kredietkaart op die webtuiste: www.bybelmedia.org.za, klik dan op winkel, óf tik die produknaam in.

****

CLF-nuus
Toerusting vir kerkleiers – publikasies:
- **Kaleidoskoop van kerke – wat kerke glo en doen (*Pieter Verster*) -** Dit is 'n lekkerlees-boek vol wetenswaardighede oor die verskillende Christelike kerke in Suid-Afrika - https://clf.co.za/product/kaleidoskoop-van-kerke/
- **Wat is die verskil tussen kerke wat groei en kerke wat sterf? (*Braam Hanekom*) -** Die vraag na die toekoms van die kerk word tans hewig gedebatteer. Sommige wil dit hê dat die einde van die gevestigde en geïnstitusionaliseerde kerk in sig is. Ander wys op die fassinerende groei wat wel in kerke plaasvind - https://clf.co.za/product/wat-is-die-verskil-tussen-kerke-copy/

Kontak CLF op (021) 873 6964 of stuur 'n e-pos na order@clf.co.za om jou eksemplaar te bestel.

Gebedslys

*Hiermee **'n vriendelike uitnodiging aan ons lesers** om enige **sake vir voorbidding** aan ons te stuur by hermien@noordsin.co.za.*

- Lentekonferensie [18-20 September].
- Cholera-epidemie in Harare.
- Grondhervorming en ander politieke kwessies.

Vakatures, aflosposte en aflos-aanbiedinge

❖ **UP Fakulteit Teologie**:

- **Gelegitimeerde proponent 2016**
  Eddie Brown [082 305 3972, malmaneddie@gmail.com]
  Berenice Esterhuyzen [072 794 5928, aesterhuyzen@clinix.co.za]
  Danielle Laubscher [082 496 9024, daniellelaubscher317@gmail.com]

- **Gelegitimeerde proponente 2017**
  Jeanri Bezuidenhout [074 893 2836, jeanri.bez@gmail.com]
  Camille Castelyn [079 506 5117, camillecastelyn@gmail.com]
  Werner Smal [079 883 2729, wernersmal777@gmail.com]

❖ **Ander gelegitimeerdes wat beskikbaar is om eredienste te lei**
Gerhard Bothma *[082 412 3479, gerhard@drgerhardbothma.co.za]*
Jan Cloete *[083 232 8708, jancloete26@telkomsa.net]*
Bertus Olivier *[082 224 6242, oli4@axxess.co.za]*

Ten slotte

Elke foto vertel 'n storie …

BYLAES

#imagine 2019 – Save the date!

Luané McLachlan van die #imagine-kantoor skryf:

Hello, #imagine-vriend!

Ons is SO OPGEWONDE om met ons toegewyde vennote en ondersteuners ons datums vir die #imagine 2019 Experiences te deel. Die EXPERIENCES gaan plaasvind op 29-31 Maart 2019 in 4 provinsies – Wes-Kaap, Oos-Kaap, Vrystaat, en Limpopo.

Ons wil die datum so vroeg as moontlik deel sodat alle kerke en skole dit kan byvoeg in hul 2019 almanak ASAP.

Met dit gesê, vra ons dat jy ons sal help bemark en die woord versprei sover as wat jy kan. Hier is hoe jy ons kan help:

- Sit die datum (***29-31 MAART 2019***) op jou rekenaar/selfoon se almanak, sowel as jou skool, kerk, of organisasie s'n
- Stuur hierdie epos na al jou netwerke
- Deel die **Save The Date** plakkaat op sosiale media
- Sit dit in jou kerk se afkondigings vir die volgende paar Sondae
- Druk 'n paar kopieë van die plakkaat en plak dit op strategiese plekke by jou kerk, skool, of organisasie.
- Stuur die plakkaat na al jou WhatsApp kontakte

Dit sal wonderlik wees as jy elkeen van hierdie maniere kan aanpak, maar ons waardeer enige bystand en ondersteuningwaarvoor jy kans sien om die nuus te versprei!

Sien julle by #imagine se 2019 EXPERIENCE!

Terug

SKDB Maatskappy: Vakature Uitvoerende Hoof

Die pos:
Die geskikte kandidaat is 'n persoon met bestuurskundigheid en -ervaring en die vermoë om die korporatiewe hoofkantoor van 12 maatskaplike diensorganisasies in die welsynsektor te bestuur. Die sentrum funksioneer as 'n Christelike geloofsgebaseerde kerklike organisasie en die suksesvolle kandidaat moet kan inskakel by en hom/haar vereenselwig met die etos en kultuur van die organisasie.

Kernposvereistes:

- Toepaslike universiteitsopleiding in mens- en bestuurswetenskappe. Toepaslike Nagraadse kwalifikasies sal 'n sterk aanbeveling wees.
- Bewese en toepaslike kennis en ervaring van organisasiebestuursfunksies ten opsigte van onder andere, Menslike hulpbronne, Finansies, Fasiliteite en Bemarking.
- Fisiese en psigiese welstand
- Bewese rekenaarvaardigheid
- Goeie leiers- en kommunikasievaardighede asook taalvaardigheid
- Motorvoertuig bestuurderslisensie en eie vervoer
- Suid Afrikaanse Burger

Diensvoordele:

- Totale jaarlikse vergoedingspakket: Onderhandelbaar.
- Vergoedingpakket sluit alle werkgewersbydraes in.
- 30 Werksdae vakansieverlof per jaar.
- Siekteverlof: 60 werksdae in siklus van 3 jaar.

Diensaanvaarding: Vanaf ***1 JANUARIE 2019***

- **Aansoek**: Aansoeke op voorgeskrewe vorm word ingewag tot en met *17 SEPTEMBER 2018*
- ***Aansoekvorm*** en ander inligting kan verkry word by e-pos: skdbm@mweb.co.za of tel: 012 460 2711
- Aansoeke moet vergesel wees van 'n CV en dokumente soos aangedui op aansoekvorm en moet gestuur word aan: skdbm@mweb.co.za

Algemeen:

- Die aansoeker moet bereid wees om, indien die aansoeker die kortlys haal, psigometriese toetse af te lê.
- Die werkgewer behou die reg voor om nie die vakature te vul nie
- Geen aansoekdokumente word teruggestuur nie
- Die aansoeker aanvaar dat die aansoek onsuksesvol was indien 'n diensaanbod nie voor of op 15 NOVEMBER 2018 ontvang is nie.

Terug

NG Waterkloof (Petoria)
Vakature: Mede-Leraar

In biddende afhanklikheid van die Here, nooi die NG Gemeente Waterkloof, alle gelegitimeerdes om aansoek te doen vir 'n mede-leraarspos met 'n primêre fokus op jeugbediening (ouderdom 6 – 25 jaar).

Waterkloof-gemeente is 60 jaar oud en het ongeveer 1 050 lidmate en kinders. Die gemeente se tradisionele woongebiede is Nieuw Muckleneuk, Waterkloofrif en Waterkloof. Waterkloof is 'n geloofsgemeenskap binne die NG Kerkfamilie en is in die Ring van Pretoria-Oos. 'n Opsomming van ons kernwaardes kan op ons webwerf gevind word: www.waterkloofkerk.co.za

Persoonsprofiel

- 'n Passie vir die Here, sy Koninkryk en kerk met spesifieke fokus op die jeug- en gesinsbediening.
- Aanwending van sy/haar gawes om die bestaande jeugbediening te begelei en uit te brei.
- Toepaslike kennis en vaardighede om die jeug te inspireer, te mobiliseer en toe te rus.
- Kreatiewe en innoverende denke en 'n persoon van integriteit.
- Vermoë om netwerke te vestig en huidige sosiale media kommunikasie en platforms uit te brei.
- Goeie interpersoonlike verhoudings.

Werksprofiel

- Die heelhartige ondersteuning van die kernwaardes van die gemeente.
- Verantwoordelikheid vir die jeug- en gesinsbediening van die gemeente.
- Ander verantwoordelikhede sluit in: algemene bediening van belydende lidmate, berading en ander kerklike sake.
- Dinamiese en aktuele prediking.
- Betrokkenheid by skole in die omgewing.

Ooreenkoms en vergoeding: Een jaar kontrak met die vooruitsig tot die oorskakeling na 'n vaste termyn aanstelling. Sinodale aanbeveling vir salaris en byvoordele sal as riglyn gebruik word.

Diensaanvaarding: ***1 Januarie 2019***

Aansoeke en navrae:

- CV met gepaardgaande kort motivering en twee verwysings, moet gerig word aan: Die Voorsitter van die Kerkraad NG Waterkloof.
- Aansoeke kan elektronies gestuur word aan die kerkkantoor by: ngkwater@yebo.co.za.
- **Vir navrae** kontak Estelle van der Vyver 012 460 3913

Sluitingsdatum: *26 September 2018 (17:00)*

Kandidate moet tot 'n onderhoud bereid wees, indien so versoek word. Indien u nie binne 14 dae na die sluitingsdatum terugvoer ontvang het nie, kan u aanneem dat u aansoek onsuksesvol was.
Die Kerkraad behou die reg voor om nie 'n aanstelling te maak nie.

Terug